

INSKRYWINGS & NAVRAE

082 372 1557

INSKRYWINGS SLUIT

30 JUNIE 2022

**AGRI'S
GOT
TALENT**

**LET'S
SING!**

Agri's Got Talent is 'n

**vaardigheidsontwikkelingsprogram en
sangkompetisie vir landbouwerkers in die
vrugte- en wynbedrywe.**

GEBORG DEUR:

HORTGRO, Citrus Growers' Association, Vinpro, South African Table Grape Industry and the
Western Cape Department of Agriculture.

WWW.AGRISGOTTALENT.COM

KOMPETISIEREËLS

Die deelnemers sal deur 'n paneel beoordeel word wat deur die borge gekies is. Die beoordelaars se besluit is finaal en geen korrespondensie sal daarvoor gevoer word nie.

Die beoordelaars behou die reg voor om die toekenning terug te hou afhangende van die meriete van die inskrywings.

Slegs inskrywings wat met landbouwerkers in die vrugte- en wynlandbousektore (plase, pakhuis of kelders) verband hou, sal aanvaar word.

Indien jy as finalis gekies word, sal jy gevra word vir 'n bewys van indiensneming.

Maak asseblief seker dat al die besonderhede soos gevra saam met jou inskrywing ingedien word.

Deur vir hierdie kompetisie in te skryf, aanvaar deelnemers die kompetisie. Is en vrywaar hulle die borge teen enige aanspreeklikheid in geval van besering of dood, of enige ander aangeleentheid wat ook al uit hierdie kompetisie mag voortspruit.

Hierdie kompetisie is slegs vir amateur musici.

Geen leerders word toegelaat nie.

KRITERIA

- Moet 'n landbouwerker in die vrugte- en/of wynbedryf wees en op 'n plaas, in 'n pakhuis of in 'n kelder werk/gewerk het vir 'n totaal van drie maande of langer gedurende die afgelope 12 maande.
- Jy mag slegs inskryf indien jy 'n landbouwerker in een van die volgende bedrywe is: appel, peer, pruim, perske, nektarien, appelkoos, kersie, sitrus, granaat, droë vrugte (binne die sagtevrugtebedryf, rosyne uitgesluit), wyn- en tafeldruie, fynbos, pekanneute of vye.
- Deelnemers moet 18 jaar oud of ouer wees en reeds hul skoolopleiding voltooi het.
- Mag in enige Suid-Afrikaanse inheemse taal inskryf.
- Mag slegs as 'n sanger inskryf – geen groepe nie.
- Vorige Top 10-finaliste mag nie weer inskryf nie.

Finaliste sal elkeen 'n selfoon kry waarmee hulle hul AGT reis moet dokumenteer. Hierdie fotos en videos sal volgens die organiseerders se diskresie op sosiale media gedeel word. Finaliste sal ook die fone gebruik om afstandsonderrig te ontvang, waarna hulle aan 'n weeklange werkswinkel vir vaardigheidsontwikkeling (17 - 21 Oktober 2022) moet deelneem en by 'n gala-geleentheid op 21 Oktober 2022 op die verhoog gaan optree. Die wenner sal deur 'n paneel van beoordelaars gekies word en sal na die finale optredes aangekondig word.

1.

Neem 'n videogreep of stemnota op wat nie meer as 3 minute lank is nie.

HOE OM IN TE SKRYF

2.

Sluit die volgende besonderhede by die boodskap in:

Naam

Van

ID-nommer

Eie kontaknommer

Naam van plaas, pakhuis, kelder

Pos op die plaas

Hoe lank jy al op die plaas, in die pakhuis of in 'n kelder werk

Naam van jou naaste dorp

3.

Stuur jou inskrywing via WhatsApp na 082 372 1557.

Navrae:

021 870 2900

083 642 5342

info@agrisgottalent.com

